12-6 My enigste troos



2 Dis Jesus Christus, so getrou,
wat my in sy beskerming hou.
Van Satan en sy heerskappy
het Hy my met sy bloed bevry.

3 My sondeskuld het Hy betaal,
my skuldbrief is nou deurgehaal.
Ek hoort aan Hom wat my bewaar
Hy waak oor my, tel elke haar.

4 Geborge, veilig, weet ek stil:
Hy lei my waar die Vader wil.
Ook lyding, nood, gevaar en stryd
dien alles tot my saligheid.

5 Hy maak my seker deur sy Gees:
Ek sal vir ewig by Hom wees.
Ek wil vir Christus leef en werk,
my hart bereid, gewillig, sterk.

n.a.v. HEIDELBERGSE KATEGISMUS SONDAG 1

Teks: Leendert Dekker 2012
Melodie: *Juich, aarde, juicht alom den Heer'* - PK de Villiers 1926